RSG en Lefra Produksies
bied aan



RSG 100 x104 fm
DIS DIE EEN

Lefra PRODUKSIES

OPPiWATER
KUNSTEFEES

MSC CRUISES

MSC ARMONIA
PROGRAM 2027

KOM KRY JOU KUNS OPPIWATER!

www.oppiwater.co.za of 011 844 6073



Gratis vertonings op die dek:

14 Februarie 2027	***Valentyns wegvaartpartyjie*** *(Onderhewig aan weer)*	18:00 – 19:00
15 Februarie 2027	***Alwyn Oberholster***	09:30-09:55
	RSG Buite uitsending	10:00-10:30
	Alwyn Oberholster	10:30-12:00
	Hennie de Bruyn en die Kitaarkêrels	16:00 - 17:00
	Valentyns DJ Party | Starlight Disco	***23:30 - 01:00***
16 Februarie 2027	***Alwyn Oberholster***	09:30-09:55
	RSG Buite uitsending	10:00-10:30
	Alwyn Oberholster	10:30-12:00
	Hennie de Bruyn en die Kitaarkêrels	16:00 - 17:00
	Oppiwater Ontploffing!	22:00 - 23:30
	DJ Afterparty | Starlight Disco	***23:00 - 01:00***
17 Februarie 2027	***Alwyn Oberholster***	09:30-09:55
	RSG Buite uitsending	10:00-10:30
	Alwyn Oberholster	10:30-12:00
	AFRIFEES met Die Broers	16:00 – 17:30
	Tropiese DJ Party | Starlight Disco	***23:00 - 01:00***
18 Februarie 2027	***Alwyn Oberholster***	09:30-09:55
	RSG Buite uitsending	10:00-10:30
	Alwyn Oberholster	10:30-12:00
	Hennie de Bruyn en die Kitaarkêrels	16:00 - 17:00

Hierdie laataand Disco Partytjies is GRATIS, maar gaste MOET kaartjies hê om toegang te verkry. Slegs beperkte aantal kaartjies beskikbaar. Geen plekke mag gehou word nie.



Genade, ONBESKRYFLIK GROOT

met

Christo Snyman, Cobus Snyman, Nic Stevens

en Ds Francois Gouws

Met ***Die Broers*** se harmonieuse vertolking van die ou Halleluja liedere en ds Francois Gouws se bindingstekste, neem hierdie produksie jou op 'n nostalgiese geestelike reis wat nie terug verlang na die ou dae nie, maar net weer eens 'n bevestiging is van hoe ons Skepper sy kinders deur eeue heen veilig in sy hand bewaar. Die musiek is gestroop tot slegs klavier, kitaar en baskitaar met aksent op die lirieke en woorde wat deur die jare nog net so kragtig is as die eerste dag wat ons dit gehoor het. Kom ervaar deur musiek en woord die diepte en rykdom van God in die middel van die oseaan.

Sondag, 14 Februarie 2027 **19:00** **Teatro le Fenice**

R190.00 **90 min** **Geestelik** **Almal**



MAGDA
EN HAAR ERHARD

HOW "LOUW" CAN YOU GO?

met Desirè Gardner en Hannes van Wyk | Teks Desiré Gardner

Magda en Erhard Louw besluit om die pad te vat en die verhoog te betree, so naelkouend en mompelend soos net hulle kan! Die tema van hulle teaterdebuut is die liefde, maar die liefde uit Magda en Erhard se perspektief is effens anders as die liefde waarvan ons in boeke lees of in films sien. In die teaterproduksie (of konsert soos Erhard dit noem) sien ons hoe Magda en Erhard hulle bes probeer, maar dit sukkel.

In 'n tipe ***Noises Off!*** formaat neem Erhard (Hannes van Wyk) en Magda (Desirè Gardner) ons deur die proses totdat hulle uiteindelik ook saam met die gehoor die waansinnigheid van die liefde en die lewe aanspreek. Hulle gesels oor vergifnis, hoe om in die eg verbind te bly sonder om gearresteer te word of daardie einste eg te verbreek. Hulle gesels oor leënessindroom, volpens-sindroom en al die ander sindrome wat mens moet aanvaar soos die middeljare jou tref.

Sondag, 14 Februarie 2027 **22:00** **Teatro le Fenice**

R250.00 **70 min** **Teater** **Almal**



KUL JOU HIER en slaap!

met

Regardt Laubscher en

Andrè, die skreeusnaakse hipnotiseur

Maak gereed vir 'n aand van skaterlag, verrassings en ongelooflike toertjies wanneer die skreeusnaakse hipnotiseur Andrè en die bekroonde kulkunstenaar Regardt Laubscher kragte saamsnoer in ***Kul jou hier en slaap!*** Andrè is al sedert die 1990's 'n bekende naam op die Suid-Afrikaanse verhoog en het sy unieke kombinasie van komedie, sielkunde, drama en hipnose oor dekades vervolmaak. Regardt is intussen 'n gesoute internasionale kunstenaar wat al gehore in onder meer Ghana, Namibië, Botswana, Mosambiek en die Seychelle verstom het – van optredes vir internasionale sterre tot 'n onverwagse vertoning vir Suid-Afrika se Minister van Toerisme aan boord van 'n vliegtuig! Hy het selfs lesings vir die Singapore Magician-kring aangebied. Met Andrè se skreeusnaakse hipnose en Regardt se verstommende kulkuns gaan ***Kul jou hier en slaap!*** kan Oppiwater-feesgangers hulle reg maak vir 'n lekkerlagvertoning wat jou verstom saal laat.

Sondag, 14 Februarie 2027 **21:00** **Bar del Duomo**

R190.00 **90 min** **Hipnose** **Almal**



Langarm Valentynsdans

met HENNIE DE BRUYN

en die Kitaarkêrels

Op Valentynsdag, 14 Februarie, bring die ***Kitaarkêrels*** hul lekker kitaarklanke na die Oppiwater Kunstefees vir 'n spesiale Langarm Valentynsdans. Kom vier die liefde, trek jou dansskoene aan en geniet 'n aand van musiek, nostalgie en pure jolyt saam met die ***Kitaarkêrels!***

Hennie de Bruyn het reeds op die ouderdom van 10 jaar kitaar begin speel en in 2004 het hy die ***Kitaarkêrels*** gevorm. Die huidige lede is Hennie de Bruyn, Dawie Beukes en Gerhartdus Joubert. Sedertdien het die gewilde groep diep spore in Suid-Afrikaanse boeremusiek getrap, met meer as 26 albums op hul kerfstok, asook verskeie toekennings en benoemings. Hulle kenmerkende styl kombineer boeremusiek, country, vastrap, walse en kwêla – musiek wat jou sommer lus maak om die dansvloer aan te durf!

Hennie de Bruyn en die Kitaarkêrels speel elke middag (15,16,18 Februarie) om 16:00 op die Dek

Sondag, 14 Februarie 2027 **20:00** **Starlight Disco**

R190.00 **90 min** **Musiek** **Almal**



A TRIBUTE TO THE ULTIMATE SUPERGROUP

met Fatman, Pieter Smith, Leon Gropp, Christiaan Baartman en Johnny Late

The Traveling Wilburys – A Tribute to the ultimate supergroup bring van Suid-Afrika se mees geliefde musiektalent bymekaar om hulde te bring aan een van rock se grootste supergroepe. Fatman as Roy Orbison, Pieter Smith as Tom Petty, Leon Gropp as George Harrison, Christiaan Baartman as Jeff Lynne en Johnny Late as Bob Dylan neem gehore op 'n musikale reis met die Traveling Wilburys se grootste treffers, saam met ikoniese liedjies uit elke lid se legendariese sololoopbaan.

Dit beloof 'n onvergeetlike aand vol tydlose musiek, energieke optredes, herkenbare stemme en die besondere kameraadskap wat die Wilburys so geliefd gemaak het. Van groot rocktreffers tot geliefde sololiedjies – hierdie vertoning vier die musiek, die legendes en die unieke gees van ***The Traveling Wilburys.***

Maandag, 15 Februiarie 2027 **08:30** **Teatro le Fenice**

R250.00 **90 min** **Musiek** **Almal**

OUMA
EN DIE OU KOEIE



met Margit Meyer-Rödenbeck | Regie/Teks Jurgen Human

Soos ons ouer word is meeste mense geneig om (gerieflikheidshalwe) sekere dinge te begin vergeet. En dis gewoonlik die goed wat ons nie wil onthou nie. En dié wat ons wil onthou, kry mos mettertyd allerhande "versierinkies" by. 'n Halwe waarheid in die 50's, word 'n voldonge feit 50 jaar later. 'n Wolhaarstorie word ge-"blow-dry" tot 'n manjifieke "beehive", en 'n besope "one-night stand" verander jare later in 'n pragtige kortstondige romanse. Hierdie komedie-kabaret gaan jou een oomblik laat skaterlag en die volgende oomblik saggies laat snak na jou asem, want jy mag jouself dalk net herken. En natuurlik altyd met 'n skeut nostalgie.

Maandag, 15 Februiarie 2027 **12:00** **Teatro le Fenice**

R220.00 **75 min** **Teater** **Almal**



KOOS DOEP

met Wynand Strydom | Klavier: Chanie Jonker | Kitaar:Leon Gropp | Regisseur Frans Swart

"Trek my liedjies uitmekaar uit en skryf oor hulle," het Koos du Plessis gesê, "maar los my uit… ek is 'n doodgewone ou." ***Koos Doep***, soos hy in die volksmond bekend staan, sou in 2025 sy 80ste verjaarsdag gevier het. En tog, 'n goeie 40 jaar ná sy dood as daar gepraat word van "Koos", dan weet bykans enige persoon van wie daar gepraat word en daar is dadelik 'n klomp treffers wat by 'n mens opkom, waaronder ***Sprokie vir 'n stadskind, Kinders van die wind, Gebed en As almal ver is.*** Dit is die omvang van Koos du Plessis se bekendheid en sy invloed op Afrikaans en Afrikaanse musiek. Waarom dit so is, is die onderwerp van menige debat, partykeer in die lesingsale van universiteite, maar meestal in die middernagure, met 'n ***Kinders van die wind*** of 'n ***Skielik is jy vry*** wat iewers in die agtergrond speel. Natuurlik met 'n goeie bottel rooiwyn, ***Koos Doep*** se gunstelingdrankie. Wynand Strydom, in samewerking met Lefra Produksies, bring hulde aan Koos du Plessis in 'n splinternuwe produksie ***Koos Doep.***

Maandag, 15 Februariie 2027 **15:30** **Teatro le Fenice**

R220.00 **75 min** **Musiek** **Almal**



Rsg Valentyns
GALAKONSERT

Regie: Frans Swart | Musiekregisseur: Chanie Jonker
met The Traveling Wilburys, Pieter Smith, Christiaan Baartman, Fatman, Leon Gropp, Johnny Late, Marissa Claasen, Die Broers, Wynand Strydom, Andre Schwartz, Louis Loock en Wynand & Cheree
Aanbieders: Derrich Gardner, Sue Pyler-Slabbert en Johan Rademan

Vir dertien jaar reeds span Lefra Produksies en RSG saam om hierdie gewilde Oppiwater Kunstefees aan te bied. Hierdie vennootskap het net van krag tot krag gegaan en om hierdie besondere vennootskap sowel as Lefra Produksies se dertig jaar in die vermaaklikheidsbedryf te vier, was dit 'n natuurlike uitvloeisel om 'n RSG Galakonsert aan te bied. Met volle orkes onder leiding van musiekregisseur, Chanie Jonker.

Maandag, 15 Februariie 2027 **22:00** **Teatro le Fenice**

R250.00 **90 min** **Konsert** **Almal**

DIE DOOD VAN DIE



FOUNMANNETJIE

EN ANDER FERDINAND DEIST WESKUS STORIES

met Botha Enslin | Teks Ferdinand Desit, Jan Spies, Boerneef, Frans Swart | Regisseur Frans Swart

Soos 'n bontspul vygies wat in 'n dorre Sandveldse landskap uitbars, so kleurryk is die mense wat hierdie streek aan ons land se Weskus hul tuiste noem. Sommige groots soos hul omgewing, of klein en dwaas soos mense ook maar is. Botha Enslin bring 'n keur van gewilde kontreistories, geskryf in tipiese streekstaal wat handel oor 'n unieke wêreld en sy mense, na die verhoog toe in ***Die dood van die Founmannetjie.***

Daar is ***Oompie Paul se Groot Nood***¸ ***Die Dood van die Founmannetjie*** en ***Die Oorbesige prekkereer*** wat begin: "Kyk, ek weet nou nie of jy die storie ken vannie moles wat daar die keer innie hemel gewees 't toet Petrus die duiwel wel gedagvaar 't nie…". Ons ontmoet ook vir Pensie, nurse Drientjie van Schalkwyk, Tanta Anna, sy met die wye tande en natuurlik Dirk Ligter, die nimlike hy...", sê Botha, wat in die produksie lewe gee aan meer as 35 karakters. "Botha Enslin is 'n meester van karakterisering", sê regisseur Frans Swart. "Hierdie man kan net met 'n draai en 'n beweging vir jou die volgende karakter gee. Hy is ongelooflik talentvol."

Maandag, 15 Februiarie 2027 **09:00** **Bar del Duomo**

R190.00 **75 min** **Komedie** **Almal**



DIE ONGELOOFLIKE

REGARDT LAUBSCHER SE "MAGIC!"

met Regardt Laubscher

Dames en here, hou julle oë oop… want Regardt Laubscher is op pad, en met hom saam kom 'n hele klomp "magic", verrassings en dinge wat eintlik nie moontlik kan wees nie. Kaarte verdwyn, munte speel wegkruipertjie en jou oë kan nie glo wat jy sien nie! Jy kan probeer om die geheime te ontrafel, maar ons stel voor jy ontspan, geniet die vertoning en aanvaar maar vir 'n rukkie dat Regardt se hande vinniger is as jou oë. Een ding is seker: jy gaan lag, jy gaan jou kop skud en jy gaan ten minste een keer sê: "Nee man… dis onmoontlik!"

Maandag, 15 Februarie 2027 **11:30** **Bar del Duomo**

R150.00 **75 min** **Kulkunstenaar** **Almal**



Hartsbriewe

met Hannes van Wyk en Coenraad Rall
Regie: Desiré Gardner | Teks: Hannes van Wyk en Desiré Gardner

Maak gereed vir 'n reis terug in tyd in hierdie vertoning deurdrenk met nostalgie, warmte en die sagte fluisteringe van liefde in al sy gedaantes. Laat die klanke van Coenraad Rall se klavier jou dra na vervloë oomblikke, terwyl Hannes van Wyk, geliefde TV-aanbieder en akteur, jou op reis neem met 'n keur van briewe wat soos geheime in 'n ou laai gebêre was. Hierdie hartsbriewe, soms snaaks, soms hartseer, altyd opreg, vertel van verlore liefdes, tydlose familieherinneringe en daardie eenvoudige, kosbare vreugdes van die lewe. Hartsbriewe is 'n huldeblyk aan alles wat ons harte sag maak en ons drome lewendig hou. Jy kan uitsien na 'n vertoning vol nostalgiese stories, 'n bietjie humor, 'n traan of twee – en 'n warm gevoel wat nog lank sal bly ná die laaste woorde gespreek en note gespeel is.

Maandag, 15 Februarie 2027 **15:00** **Bar del Duomo**
R220.00 **60 min** **Musiek** **Almal**



JOHNNY'S JUNE

met Marissa Claasen
Christiaan Baartman

Regie: Phillru van Achterbergh

Johnny Cash en June Carter... almal het die rock-'n-roll op die verhoog ervaar, maar min het die geveg agter die gordyn geken. ***Johnny's June*** kombineer 12 ikoniese treffers met 'n meesleurende, agter-die-skerms kykie na hul lewens, uit June Carter se perspektief. Sien hoe verslawing, beproewings en die eise van die pad hul tol geëis het, en hoe musiek uiteindelik hul pad na mekaar oopgekerf het. Sluit aan by ons vir 'n intieme, rou teater-ervaring vol lewendige musiek, koffers vol verlede, en 'n liefde wat geweier het om op te gee.

Maandag, 15 Februiarie 2027 **18:00** **Bar del Duomo**

R190.00 **75 min** **Musiek** **Almal**



met Andrè, die Skreeusnaakse Hipnotiseur

Andrè, die Skreeusnaakse Hipnotiseur, bly in 2026 net so ikonies in Suid-Afrika soos melktert en boerewors! Sedert die begin van sy loopbaan as verhooghipnotiseur in die 1990's, het Andrè sy kuns voortdurend ontwikkel om nuwe generasies gehore te boei. Wat begin het as 'n vier weke lange lopie by Johannesburg se Victory Theatre, het uitgebrei na 'n elf weke lange uitverkoopte seisoen, wat geboorte gegee het aan die geliefde Hilarious Hypnosis Show.

Vandag verkies Andrè om nie bloot as 'n verhooghipnotiseur geëtiketteer te word nie; hy identifiseer as 'n komediant wat sy vaardigheid as hipnotiseur gebruik om 'n onvergeetlike aand van lag en vermaak te lewer. Sy unieke mengsel van sielkunde, drama en droë humor skep 'n dinamiese vertoning, met 'n rolverdeling van vrywilligers wat gedurigdeur verander en lewe gee aan sy vertonings.

Maandag, 15 Februiarie 2027 **21:00** **Bar del Duomo**

R150.00 **75 min** **Hipnose** **Almal**

MA-WEES

En ander somme wat nie klop nie



met Desiré Gardner

Terugskouend… dis wanneer mens besef dat sekere dinge glad nie sin maak nie. Soos baie van die dinge wat mens geleer het as kind. Eers wanneer jy jou eie kind se een "Hoekom?" na die ander moet probeer beantwoord, besef jy dat jy eintlik baie minder weet as wat jy gedink het. Soos met Ma-wees. Jy dink jy weet hoe om twee deur twee te deel en dan skielik kom die minusse en die nulle. En dalk is daar nie antwoorde nie, dalk moet die som van ma-wees nog uitgewerk word, maar daar is troos in herkenbaarheid en die feit dat ons almal uiteindelik nie 'n idee het wat 1 plus 1 eintlik is nie…

Maandag, 15 Februarie 2027 **09:30** **MSC Business Centre**

R150.00 **60 min** **Praatjie** **Almal**



Radiodrama

met Johan Rademan

"Skryf 'n goeie storie. Skryf goeie, geloofwaardige dialoog. Skep geloofwaardige karakters. Dis die essensie van 'n goeie radiodrama", sê Johan Rademan, regisseur van vanjaar se RSG Radiodrama. Kom kyk en luister hoe word 'n radiodrama opgeneem. Passasiers wat die Oppiwater Kunstefees 2027 meemaak, sal die geleentheid hê om die opname by te woon en te sien presies hoe word 'n radiodrama vir die radio opgeneem. Johan Rademan is 'n bekroonde dramaregisseur met 'n ongelooflike aanvoeling vir die radiodrama waar jy net stemme het om 'n storie te vertel. Kom wees deel van die "ateljee" waar radiodrama opgeneem word.

Maandag, 15 Februiarie 2027 **14:00** **MSC Business Centre**

R150.00 **60 min** **Radiodrama** **Almal**



Ontmoet die Kunstenaars

met Frans Swart, Die Broers, Ds. Francois Gouws, Desirè Gardner, Hannes van Wyk, Andrè Grovè, Regardt Laubscher, Fatman, Pieter Smith, Coenraad Rall, Leon Gropp, Christiaan Baartman, Johnny Late

Die lekkerte van die Oppiwater Kunstefees is dat ons gaste die geleentheid het om die kunstenaars, akteurs, sangers, omroepers en bekendes te ontmoet. Dit is darem te lekker om met hierdie bekendes skouer te skuur, te gesels, `n fototjie te neem en saam te kuier. Hierdie gebeur NET by die Oppiwater Kunstefees! Ons het hierdie lekker forum geskep waar jy formeel die kunstenaars kan kom ontmoet. Elke middag 17:00 gaan jy die kunstenaars persoonlik kan kom ontmoet, en sal ingelei word deur Frans Swart met interessanthede oor die kunstenaars

Maandag, 15 Februiarie 2027 **17:00** **MSC Business Centre**

R100.00 **60 min** **Praatjie** **Almal**



VERF EN VINO

"Pop en Kleur"

met Hannelie Swart en Anmari van Achterbergh

'n Glas Van Loveren-wyn in die een hand. 'n Kwassie in die ander. Die oseaan rondom jou, en 'n spierwit doek wat wag op jou storie. ***Verf en Vino*** is Oppiwater Kunstefees 2027 se kunservaring — 'n kunssessie waar jy kan ontspan, ontdek, skilder, kuier en jou innerlike kunstenaar laat wakker word. Die tema vir 2027 is ***Pop en Kleur,*** 'n speelse Pop-Kuns sessie vol kleur, lyn en verbeelding.

Of jy nog nooit 'n kwas opgetel het nie of reeds daarvan hou om te skilder — ***Verf en Vino*** is vir jou. Onder die kundige leiding van kunstenaar Hannelie Swart (MA Visuele Kunste), word jy stap vir stap deur die proses geneem om jou eie unieke kunswerk te skep. Hannelie bring haar besondere ervaring in kuns, kreatiwiteit, kuns-as-helingsessies en self-ontdekking na die tafel en skep 'n kreatiewe ruimte waar net jou manier van kyk, dink, voel en skep nodig is. Alles wat jy nodig het om te begin skilder, is daar. Jy moet net jouself bring. Ons hou elke sessie intiem en persoonlik met slegs 20 deelnemers en drie ure se kreatiewe ontsnapping. Plekke is beperk — bespreek vroegtydig om deel te wees van hierdie unieke Oppiwater-ervaring. Kom vir die vino! Bly vir die vibe! Waai af met jou eie Pop-Kuns.

Wyn en alle kunsmateriaal is ingesluit. Geen kunservaring of opleiding nodig nie.

Maandag, 15 Februaire 2027 **09:00** **The Cigar Room**

R850.00 **180 min** **Kuns** **Almal**



Valentys

DJ Party

Kom hou saam met ons partytjie in die Disco met heerlike laataand musiek. Gaste moet kaartjies he vir VALENTYNS DJ PARTYTJIE. Geen plekke sal gehou word nie. Uitreiking van kaartjies is bloot om die aantal mense te beperk volgens veiligheidstandaarde. Niemand sal toegelaat word sonder 'n kaartjie nie. Kaartjies word toegeken op 'n "First-Come-First-Serve" basis.. Indien die kwota per venue bereik is, kan geen verdere kaartjies uitgereik word nie. Gratis kaartjies mag nie verkoop word of aan enige ander gaste gegee word nie. Bepalings en voorwaardes geld.

Maandag, 15 Februiarie 2027 **23:30** **Starlight Disco**

Gratis **90 min** **Partytjie** **Almal**



MAGDA LOUW

EN DIE KAR SE SLEUTEL...

met Desirè Gardner | Teks/Regie: Desirè Gardner

Dit het ons almal al oorgekom. Jy is laat, jy moet ry, maar die sleutel is soek. “Waar het jy dit laas gesien?”, hoor jy voor die handliggende vraag uit Erhard se mond kom. As ek dít maar net geweet het. Maar so in die soeke na die kar se sleutel, vind jy soms verlore dinge waarvan jy al vergeet het. So ook in die lewe. Party keer vind ons vergete dinge in die soeke na iets wat ons verloor het. En soms wens ons, ons kan sekere verlore dinge net nog een laaste keer sien. ’n Vertoning vol humor maar ook met hope wysheid en inspirasie.

Dinsdag, 16 Februarie 2027 **08:30** **Teatro le Fenice**

R220.00 **75 min** **Teater** **Almal**

DINNER For ONE

met Elma Potgieter
en Justin Strydom

Teks: Lauri Wylie
Regie Frans Swart

& Sopper vir Een



"Same procedure as last year, Miss Sophie?"
"Same procedure as every year, James!"

Dinner For One (ook bekend as The 90th Birthday), wat op TV nou al 'n Oujaarstradisie is, het in Duitsland kultusfliek-status gekry nadat dit in 1963 in Hamburg verfilm is. Dié uiters snaakse roomtertkomedie speel af in 'n eeue-oue Britse herehuis, waar die laaste oorblywende lid van die familie, Miss Sophie, haar 90ste verjaardag vier. Die hele skets vind in die eetkamer plaas, met Miss Sophie aan die koppenent van die tafel, en daar is vir haar 'gaste' – wat almal al dood is – plekke gedek. Die "butler", James, moet vir die gaste 'n viergang-maaltyd bedien – en daar is vir elke gang 'n drankie! Aangesien nie een van die gaste behalwe Miss Sophie in 'lewende lywe' daar is nie, dring Miss Sophie daarop aan dat James elke gas se rol moet speel (en dus al sy drankies 'namens' hom moet drink). "Same procedure as every year, James." Hoe later, hoe kwater, en James raak al hoër in die takke … en die spanning loop al hoe hoër elke keer as James nóg 'n rondte om die tafel oorleef sonder om oor die "kop" van die tiervelmat te val. Met 'n bonus na pouse! ***Sopper vir Een***, die Suid-Afrikaanse parodie.

Dinsdag, 16 Februarie 2027 **11:30** **Teatro le Fenice**

R190.00 **75 min** **Teater** **Almal**



EERSTE VIR ALLES

met Margit Meyer-Rödenbeck en Frank Opperman | Teks Wessel Pretorius
Regisseur Wessel Pretorius

Eeue nadat hulle uit die paradys gesmyt is, besin Adam en Eva oor die huwelik. Dit was glad nie maklik om die proto-paartjie te wees nie, gehoor? Alles moes vir die eerste keer uitgepluis word: liefde, kinders en huishou. Nou dat die laatlammetjie die huis gaan verlaat, het Adam en Eva binnekort weer net mekaar vir geselskap. Sien hulle kans vir nog 'n honderd jaar saam en sal hulle sondes hulle ontsien? Ná baie goed en kwaad het hulle vir oulaas 'n appeltjie met mekaar te skil. 'n Komedie oor saam ou bene maak, veral as een die ander 'n ribbebeen skuld.

Dinsdag, 16 Februarie 2027 **18:30** **Teatro le Fenice**

R220.00 **75 min** **Teater** **Almal**



MEESTERKLAS IN SANG

met Andre Schwartz

Op publieke aanvraag het internasionaal bekroonde sanger Andrè Schwartz besluit om sy kennis, tegnieke en praktiese ondervining van 'n lewe in die teaterkollig, gedurende 'n unieke meestersklas-ondervinding te deel. Die meesterklas word aangebied voor 'n gerhoor.

Berei jou voor om in te stap waar kuns en uitnemendheid ontmoet. Hierdie is nie net 'n klas nie — dit is 'n transformerende ervaring gelei deur 'n bekroonde meester van musiekteater.

In-diepte ontgunning van vokale interpretasie, karakterontwikkeling en spel deur middel van sang word aangebied. 'n Sessie met Andre is soos 'n terapiesessie.

Hierdie sessie sal aangebied word met bekende sangers, maar ons Feesgangers kan ook hieraan deelneem. As jy sing en graag hulp van Andre wil ontvang, stuur 'n video-opname aan info@lefra.com Slegs ses deelnemers vorm deel van hierdie meesterklas en is onderhewig aan vooraf keuring.

Dinsdag, 16 Februarie 2027 **09:00** **Bar del Duomo**

R150.00 **75 min** **Sang** **Almal**



Wynand en Cheree

met Wynand Strydom en Cheree

Wynand Strydom is 'n welbekende Afrikaanse sanger met 'n kenmerkende diep basstem. Hy matrikuleer in 1993 aan Oos-Moot Hoërskool in Pretoria en het verskeie treffers en albums vrygestel. Deesdae woon hy in Langebaan aan die Weskus saam met sy vrou en sangmaat Chereé Strydom. Sy is veral bekend vir haar country-musiek en sing al sedert haar kinderdae. Self het sy verskeie bekroonde solo-albums uitgereik. Die twee is sedert 2010 getroud en hulle deel hul lewe tussen gesin en musiek.

Dinsdag, 16 Februarie 2027 **12:00** **Bar del Duomo**

R190.00 **75 min** **Sang** **Almal**



GROET DIE GROTMAN 2

Teks & Regie: Frans Swart *met Phillru van Achterbergh*

Alle mans is nie poepholle nie!

Dit is vyftien jaar later. Grotman en Elize is steeds gelukkig getroud ... of is hulle? Die kinders is tieners met hul eiesoortige uitdagings. Grotman het sy rookseine verruil vir WhatsApp-boodskappe, eposse, iPhones, Facebook, Twitter en aanlynkonserte. Die verskille tussen mans en vrouens is steeds daar, want mans is steeds van Mars en vrouens van Venus. In ***Groet die Grotman 2*** word die verskille tussen mans en vrouens op komiese wyse uitgebeeld deur Grotman Phillru van Achterbergh.

Vrouens is steeds die gaarders (veral van nuttelose inligting!) en mans steeds die jagters (van 'n bok tot 'n televisieprogram). "Mans en vrouens lag vir mekaar in ***Groet die Grotman 2*** en dis juis wat hierdie produksie so gewild en sterk maak" sê skrywer en regisseur Frans Swart. "Mens kan amper sê ons doen huweliks-berading op 'n komiese wyse. Die feit dat Grotman sy wêreldjie moet groter maak om by Elize se wêreld aan te pas en die feit dat Elize haar oop wêreld so bietjie nouer moet maak om by Grotman se wêreld uit te kom, sorg vir baie komiese situasies."

Mans is jagters!

Vrouens is gaarders!



Dinsdag, 16 Februarie 2027 15:30 Bar del Duomo

R190.00 120 min Komedie (PG13) Ouerbegeleiding



Rooidag:

N.P. VAN WYK LOUW, IN WOORD EN SANG

Toonsettings: Leon Gropp

met Leon Gropp (sang en kitaar) en Chanie Jonker (klavier)

Ervaar hierdie bekroonde musiekproduksie wat in 2018 by die US Woordfees as Beste Musiekgedrewe Produksie bekroon is. Leon Gropp bring die krag van N.P. van Wyk Louw se woorde tot lewe met oorspronklike musiek wat jou siel sal roer. 'n Wonderlike versmelting van poësie en klank. N.P. van Wyk Louw het gesê dit is die taak van die kunstenaar om die blinde drif en verlange van sy groep deur sy hele wese in te neem, om alles wat nog vaag of bloot intellektueel is in sy eie hart gestalte te gee en om dit dan eenvoudig in skoonheid weer te gee. Moenie hierdie unieke musiekervaring misloop nie.

Dinsdag, 16 Februarie 2027 **19:30** **Bar del Duomo**

R190.00 **75 min** **Sang** **Almal**



Oppiwater

Ontploffing! DEKPARTYTJIE

met Johan Rademan (RSG), Derrich Gardner (RSG),
en Frans Swart (Lefra).

Die Oppiwater Kunstefees is seker die mees unieke kunstefees in die wêreld. Ons hou kunstefees dat dit bars, maar dan hou ons ook partytjie dat die biesies bewe! Met jou gashere Johan Rademan (RSG), Derrich Gardner (RSG) en Frans Swart (Lefra).

Die ***Ontploffingsdekpartytjie*** is gratis. Kom egter vroeg om 'n lekker plek te kry. Neem egter kennis dat geen plekke vir enigeiemand gehou mag word nie. Die aanbieding van die ***Ontploffingsdekartytjie*** is onderhewig aan die weer.

Dinsdag, 16 Februarie 2027 **22:00** **Dek 11**

Gratis **90 min** **Partytjie** **Almal**



VROU Vs VROU

met Elma Potgieter

Vrou vs Vrou is saamgestel uit twintig digstories uit die digwerk van Elisabeth Eybers en Corlia Fourie. Waarom dié twee vrouedigters? Albei besit die vermoë om die kwesbaarheid van die menslike kondisie met patos, liefde en ironie te beskryf - selfs woede.

Hulle skryf oor alles onder die son, maar veral oor die liefde, die lewe en die gemis aan 'n beminde. Hulle skryf oor die daaglikse sleur, maar ook oor politiek. Hulle skryf oor die gruwel van geweld teenoor vroue, asook die ellende van depressie wat kan lei na selfmoord. Maar dan ook weer oor die allesoorheersende menslike emosie van die liefde – tussen geliefdes, asook teenoor die medemens - wat so allernoodsaaklik is in ons huidige druk van ons haastige, soms selfs hatige bestaan ...

Dinsdag, 16 Februiarie 2027 **09:30** **MSC Business Centre**

R150.00 **60 min** **Poësie** **Almal**

Derrich MOER voort!

met Derrich Gardner



Derrich is steeds baie ernstig oor sy koffie! En regte egte moerkoffie is sy forte! Derrich Gardner is geen onbekende in Suid-Afrika nie. Elke Saterdagoggend word ons saam met Derrich wakker in ***Brekfis met Derrich.*** Saam met die vroeg uitsaai, is koffie baie belangrik vir Derrich … goeie koffie. Derrich gaan gesels oor goeie en swak koffie en moontlik gaan ons ook nog Derrich se eie koffie, ***Derrich se Moer***, proe. Wat is dan nou lekkerder as ***Derrich se Moer*** en 'n lekker gedoopte beskuit?

Dinsdag, 16 Februarie 2027 **13:30** **Starlight Disco**

R150.00 **60 min** **Praatjie** **Almal**



Ontmoet die *Kunstenaars*

met Frans Swart, Wynand Strydom, Chanie Jonker, Andrè Schwartz, Elma Potgieter, Justin Strydom, Cheree, Derrich Gardner, Hannelie Swart, Alwyn Oberholster, Louis Loock en Sue Pyler-Slabbert

Die lekkerte van die Oppiwater Kunstefees is dat ons gaste die geleentheid het om die kunstenaars, akteurs, sangers, omroepers en bekendes te ontmoet. Dit is darem te lekker om met hierdie bekendes skouer te skuur, te gesels, `n fototjie te neem en saam te kuier. Hierdie gebeur NET by die Oppiwater Kunstefees! Ons het hierdie lekker forum geskep waar jy formeel die kunstenaars kan kom ontmoet. Elke middag 17:00 gaan jy die kunstenaars persoonlik kan kom ontmoet, en sal ingelei word deur Frans Swart met interessanthede oor die kunstenaars

Dinsdag, 16 Februarie 2027 **17:00** **MSC Business Centre**

R100.00 **60 min** **Praatjie** **Almal**



VERF EN VINO

"Pop en Kleur"

met Hannelie Swart en Anmari van Achterbergh

'n Glas Van Loveren-wyn in die een hand. 'n Kwassie in die ander. Die oseaan rondom jou, en 'n spierwit doek wat wag op jou storie. ***Verf en Vino*** is Oppiwater Kunstefees 2027 se kunservaring — 'n kunssessie waar jy kan ontspan, ontdek, skilder, kuier en jou innerlike kunstenaar laat wakker word. Die tema vir 2027 is ***Pop en Kleur,*** 'n speelse Pop-Kuns sessie vol kleur, lyn en verbeelding.

Of jy nog nooit 'n kwas opgetel het nie of reeds daarvan hou om te skilder — ***Verf en Vino*** is vir jou. Onder die kundige leiding van kunstenaar Hannelie Swart (MA Visuele Kunste), word jy stap vir stap deur die proses geneem om jou eie unieke kunswerk te skep. Hannelie bring haar besondere ervaring in kuns, kreatiwiteit, kuns-as-helingsessies en self-ontdekking na die tafel en skep 'n kreatiewe ruimte waar net jou manier van kyk, dink, voel en skep nodig is. Alles wat jy nodig het om te begin skilder, is daar. Jy moet net jouself bring. Ons hou elke sessie intiem en persoonlik met slegs 20 deelnemers en drie ure se kreatiewe ontsnapping. Plekke is beperk — bespreek vroegtydig om deel te wees van hierdie unieke Oppiwater-ervaring. Kom vir die vino! Bly vir die vibe! Waai af met jou eie Pop-Kuns.

Wyn en alle kunsmateriaal is ingesluit. Geen kunservaring of opleiding nodig nie.

Dinsdag, 16 Februarie 2027 **09:00** **The Cigar Room**

R850.00 **180 min** **Kuns** **Almal**



DJ Afterparty

Kom hou saam met ons partytjie in die Disco met heerlike laataand musiek.

Gaste moet kaartjies he vir DJ “AFTER PARTY!”. Geen plekke sal gehou word nie. Uitreiking van kaartjies is bloot om die aantal mense te beperk volgens veiligheidstandaarde. Niemand sal toegelaat word sonder ‘n kaartjie nie. Kaartjies word toegeken op ‘n “First-Come-First-Serve” basis. Indien die kwota per venue bereik is, kan geen verdere kaartjies uitgereik word nie. Gratis kaartjies mag nie verkoop word of aan enige ander gaste gegee word nie. Bepalings en voorwaardes geld.

Dinsdag, 16 Februarie 2027 **23:00** **Starlight Disco**

Gratis **120 min** **Partytjie** **Almal**

Tertjies en Stertjies



met: Botha Enslin, Marissa Claasen, Stefan Lötter, Ulrich Slabbert, Caitlyn Erasmus | Regie: Phillru van Achterbergh

Tertjies en Stertjies is Lefra Produksies se splinternuwe oorspronklike klug wat op vanjaar se Oppiwater Kunstefees debuteer. Klug in die ware Lefra Produksies-styl met 'n "laugh a minute!" ***Tertjies en Stertjies*** speel af in 'n vreemde, veeldoelige onderneming waar 'n veeartsenykliniek en eksklusiewe diereboetiek letterlik onder dieselfde dak funksioneer. Die slagspreuk? "Snip en knip op een plek." Aanvanklik lyk alles professioneel en ordentlik. Daar is 'n spreekkamer, 'n diereboetiek, 'n ontvangsarea en 'n veearts wat haar werk ernstig opneem. Die poppe begin dans as dr Vos se eks-man, Basel, besluit dat hy nie net 50% van die onderneming wil opeis nie, maar ook besluit om dieselfde perseel vir sy eie tuisnywerheid te gebruik Die veeartsenykliniek en diereboetiek verander stadig maar seker in 'n bak-en-brou-onderneming. En dit alles terwyl pasiënte, kliënte, diere, koekbestellings, cupcakes, fone, 'n stukkende hysbak, 'n verdagte onderhoudspan en 'n bale ongelukkige ou tannie almal gelyktydig opdaag. Wat kan moontlik verkeerd gaan? ALLES!!!

Woensdag, 17 Februarie 2027 **09:00** **Teatro le Fenice**

R220.00 **135 min** **Teater** **Almal**

Phillru van Achterbergh

Marissa Claasen

Ulrich Slabbert



deur Kobus van der Schyff-Smal

Regie: Kobus van der Schyff-Smal en Wayne van der Schyff-Smal

In 'n klein dorpie, Val, waar die donker, vroeg, soos 'n kombers die dorpie toemaak, gaan slaap baie min van die Erasmus gesin. 'n Strykyster se gewig op sy laaste pak laat die stoom weergalm in die gang af waar Jaco 'n brief bewerig aan mekaar pen vir Lukas, 'Hy's dood.' 'n Brief wat onwetend die hele gesin gaan laat verstik aan geheime...

Woensdag, 17 Februarie 2027 **17:30** **Teatro Le Fenice**

R190.00 **60 min** **Drama** **Ouerbegeleiding**



Deur Dana Snyman | Regie De Klerk Oelofse

Dit is dieselfde skoolsaal, maar 43 jaar later by die reünie van die 1980-matriekgroep. Adam Boshoff tree as verteller op, maar deur die loop van die aand kry verskeie klasmaats 'n beurt agter die mikrofoon om hul sê te sê. Lank terug het almal saam 'n tragedie beleef wat hulle nou vir die eerste keer regtig konfronteer. Dana Snyman en Frank Opperman snoer weer kragte saam – verwag dieselfde fyn spot, deernis en 'n tikkie nostalgie.

Woensdag, 17 Februarie 2027 **20:30** **Teatro Le Fenice**

R220.00 **75 min** **Teater** **Almal**



Wandel deur my woorde:

DIE STORIE VAN CHRISTIAAN BAARTMAN SE MUSIEK

Christiaan Baartman se musikale reis strek ver buite die Suid-Afrikaanse grense. As amptelike lid van die gesogte Nashville Songwriters Association deel Christiaan boeiende annekdotes oor sy reise na Tennessee en Indië, hoe globale klanke en die Amerikaanse storievertel-tradisie sy pen verryk het, sowel as meesleurende verwerkings van bekende akoestiese gunstelinge. Wandel deur my woorde bied aan feesgangers 'n onvergeetlike, nostalgiese kuierervaring waar musiek, reise en menswees naadloos op die Indiese Oseaan ineenvloei. Met 'n roemryke loopbaan van meer as twee dekades in die Afrikaanse musiekbedryf bring die bekroonde sanger, liedjieskrywer en vervaardiger Christiaan Baartman sy splinternuwe storiemusiek-produksie, ***Wandel deur my woorde:*** Die storie van Christiaan Baartman se musiek, na die Oppiwater Kunstefees 2027. RSG-luisteraars ken sy kenmerkende stem en meesleurende radiotreffers soos ***Somernagte, Asem, Stof en Huppel in my stap.*** In dié intieme akoestiese vertoning neem Christiaan die gehoor agter die skerms van sy bekendste musiek en ontbloot die eerlike, hartroerende en dikwels humoristiese verhale wat gelei het tot die ontstaan van sy gewildste lirieke.

Woensdag, 17 Februarie 2027 **11:30** **Bar del Duomo**

R190.00 **75 min** **Musiek** **Almal**

★ ONE KING. ONE LEGEND. ONE NIGHT TO REMEMBER. ★

LOUIS LOOCK

★ SINGS ★

A TRIBUTE TO ELVIS Presley



THE MUSIC.
THE STYLE.
THE LEGEND.
LIVE ON STAGE.



★ THE SONGS YOU LOVE. ★
THE KING YOU'LL NEVER FORGET.

Thank You, Thank You Very Much!

Aanhangers word uitgenooi om die onvergeetlike vertoning te beleef, waarin die bekende Suid Afrikaanse kunstenaar, Louis Loock hulde bring aan die legendariese koning van Rock & Roll. Louis Loock se Elvis-vertoning is meer as net 'n blote nabootsing – dit is 'n viering van Elvis se musiek, charisma en nalatenskap. Met kragtige sang, spesiaal ontwerpte kostuums en 'n energieke verhoogaanbieding, vang hy die gees van een van die grootste kunstenaars wat die wêreld nog opgelewer het. Gehore kan uitsien na 'n aand gevul met Elvis se grootste treffers, wat van sy vroeë rock en roll treffers, tot die tydlose ballades en konsertgunstellinge.

Louis Loock se vertoning spreek nie net tot toegewyde Elvis aanhangers nie, maar ook tot 'n nuwer geslag wat sy musiek ontdek. Elke vertoning is sorgvuldig saamgestel en maak gebruik van kitaar en baskitaar spelers om hierdie buitengewone loopbaan te vereer. "Of jy al jare lank 'n Elvis-aanhanger is, of sy musiek vir die eerste keer beleef, my doel is dat elke persoon die vertoning met 'n glimlag, kosbare herinneringe, en 'n titsel nostalgie sal verlaat."

Woensdag, 17 Februarie 2027 **18:30** **Bar del Duomo**

R200.00 **75 min** **Musiek** **Almal**



PIETER EN FATMAN

32 jaar!

met Pieter Smith en Fatman (Johan Brummer)

Twee en dertig jaar gelede kruis Pieter Smith en Fatman (Johan Brummer) toe hulle saam musiekonderwys studeer het in Pretoria. Van die begin af het hulle stemme en musikaliteit mekaar aangevul en soos 'n handskoen gepas. Sedert 1995 het Pieter en Fatman baie konserte saam gedoen regoor die land. Vir die laaste paar jaar het hulle ook musiekprojekte saam aangepak soos ***Die Storie van Afrikaanse Musiek*** en ***The Traveling Wilburys.*** Hulle het saam liedjies geskryf en gesing soos ***Pappegaai, My hart verlang na die Boland en Ossewa.***

'n Konsert met die twee talentvolle sangers is beslis 'n ervaring met wonderlike musiek en natuurlik propvol stories. Kom luister hoe hulle saam mekaar se musiek uitvoer soos ***Dorp Toe, Stukkie van der Merwe, Vuil Coke, Wilhelmina van Gezina*** en veel meer. Hulle doen ook tydlose treffers soos ***Words, Stumbling In en Glory Hallelujah*** van Elvis. Twee en dertig jaar saam op die verhoog! Baie stories! Lekker Musiek! Pelle vir 32 jaar!

Woensdag, 17 Februarie 2027 **22:00** **Bar del Duomo**

R190.00 **75 min** **Musiek** **Almal**



AfriFees

Inhoud saamgestel deur AfriForum

Sing en dans saam met die grootste Afrikaanse liedjies van alle tye.

"Sarie Marais", "Pampoen", "Byeboerwa",
"Sarah de Jager", "Leeuloop", "Toeter Skoeter",
"Stukkie van der Merwe", "Is jy bang?",
"Hardekole", "De la Rey" en meer!

Kom geniet 'n middag van Afrikaanse musiek, kultuur en samehorigheid.

Dis nie net vermaak nie,
dis jou mense, jou taal, jou kultuur, jou fees!

Woensdag, 17 Februarie 2027 | 16:00 | Dek 11

Gratis | 75 min | Musiek | Almal



Ontmoet die Kunstenaars

met Frans Swart, Margit Meyer-Rödenbeck,
Frank Opperman, Botha Enslin, Stefan Lotter,
Caitlyn Erasmus, Tiaan Slabbert,
Hennie de Bruyn en die Kitaarkêrels

Die lekkerte van die Oppiwater Kunstefees is dat ons gaste die geleentheid het om die kunstenaars, akteurs, sangers, omroepers en bekendes te ontmoet. Dit is darem te lekker om met hierdie bekendes skouer te skuur, te gesels, `n fototjie te neem en saam te kuier. Hierdie gebeur NET by die Oppiwater Kunstefees! Ons het hierdie lekker forum geskep waar jy formeel die kunstenaars kan kom ontmoet. Elke middag 17:00 gaan jy die kunstenaars persoonlik kan kom ontmoet, en sal ingelei word deur Frans Swart met interessanthede oor die kunstenaars

Woensdag, 17 Februarie 2027 **17:00** **MSC Business Centre**

R100.00 **60 min** **Praatjie** **Almal**



VERF EN VINO

"Pop en Kleur"

met Hannelie Swart en Anmari van Achterbergh

'n Glas Van Loveren-wyn in die een hand. 'n Kwassie in die ander. Die oseaan rondom jou, en 'n spierwit doek wat wag op jou storie. ***Verf en Vino*** is Oppiwater Kunstefees 2027 se kunservaring — 'n kunssessie waar jy kan ontspan, ontdek, skilder, kuier en jou innerlike kunstenaar laat wakker word. Die tema vir 2027 is ***Pop en Kleur,*** 'n speelse Pop-Kuns sessie vol kleur, lyn en verbeelding.

Of jy nog nooit 'n kwas opgetel het nie of reeds daarvan hou om te skilder — ***Verf en Vino*** is vir jou. Onder die kundige leiding van kunstenaar Hannelie Swart (MA Visuele Kunste), word jy stap vir stap deur die proses geneem om jou eie unieke kunswerk te skep. Hannelie bring haar besondere ervaring in kuns, kreatiwiteit, kuns-as-helingsessies en self-ontdekking na die tafel en skep 'n kreatiewe ruimte waar net jou manier van kyk, dink, voel en skep nodig is. Alles wat jy nodig het om te begin skilder, is daar. Jy moet net jouself bring. Ons hou elke sessie intiem en persoonlik met slegs 20 deelnemers en drie ure se kreatiewe ontsnapping. Plekke is beperk — bespreek vroegtydig om deel te wees van hierdie unieke Oppiwater-ervaring. Kom vir die vino! Bly vir die vibe! Waai af met jou eie Pop-Kuns.

Wyn en alle kunsmateriaal is ingesluit. Geen kunservaring of opleiding nodig nie.

Woensdag, 17 Februarie 2027 **09:00** **The Cigar Room**

R850.00 **180 min** **Kuns** **Almal**


TROPIESE
DJ PARTYJIE
Kom hou saam met ons partytjie in die Disco met heerlike laataand musiek.
Gaste moet kaartjies he vir TROPIESE DJ PARTYJIE. Geen plekke sal gehou word nie. Uitreiking van kaartjies is bloot om die aantal mense te beperk volgens veiligheidstandaarde. Niemand sal toegelaat word sonder 'n kaartjie nie. Kaartjies word toegeken op 'n "First-Come-First-Serve" basis.
Indien die kwota per venue bereik is, kan geen verdere kaartjies uitgereik word nie. Gratis kaartjies mag nie verkoop word of aan enige ander gaste gegee word nie. Bepalings en voorwaardes geld.
Woensdag, 17 Februarie 2027
23:00
Starlight Disco
Gratis
120 min
Partytjie
Almal



Het van Verlangekraal

Lefa PRODUKSIES

deur
LEON VAN NIEROP

na die verhaal van
JOHANN BEKKER

regie
FRANS SWART

met Nikita Meyer, Henco J, Etienne du Plessis, Botha Enslin, Ana van Achterbergh, Ulrich Slabbert en Zanje Bodenstein

Het Heiberg. Die weggooikind wat Verlangekraal se naam sou verewig. Sy het dit gewaag om in opstand te kom teen 'n rigiede skoolsisteem wat geen rebelsheid of individualiteit sou duld nie. Net meneer Doep het tussen haar en die verderflike skoolhoof meneer Erlank gestaan. Hierdie geliefde en diep menslike verhaal wys vir die eerste keer Het Heiberg se kant van die saak. Wie in haar lewe saak gemaak het en wat in haar gedagtes omgegaan het. Dit vertel bowenal hoe sy oorleef het.

Donderdag, 18 Februarie 2027 **08:30** **Teatro le Fenice**

R220.00 **135 min** **Teater** **Almal**



André Schwartz

LIEF VIR ALLES HIER

met Andrè Schwartz

André Schwartz is terug op die verhoog met ***Lief vir alles hier,*** 'n produksie wat die hart van een van Suid-Afrika se geliefdste sangers se musiek vasvang. Met sy kenmerkende stem, warmte en onweerstaanbare verhoogpersoonlikheid neem André gehore op 'n reis deur die liedjies wat oor dekades heen deel van ons musieklewe geword het – met die treffer ***Lief vir alles hier*** as die inspirerende hart van die vertoning. Dis 'n viering van musiek, herinneringe en die mooi dinge wat ons land en sy mense besonders maak.

Donderdag, 18 Februarie 2027 **17:00** **Teatro le Fenice**

R220.00 **75 min** **Musiek** **Almal**



MY LEGENDES

FATMAN SOOS NOG NOOIT TEVORE NIE

In hierdie unieke produksie neem Fatman en sy orkes jou op ‘n onvergeetlike musikale reis deur die musiek en kunstenaars wat hom geïnspireer en gevorm het tot wie hy vandag is. Tydens hierdie reis bring hy hulde aan sy helde, insluitend: Frank Sinatra, Elvis Presley, Queen, Gé Korsten, Pavarotti en nog vele meer.

My Legendes is nie net ‘n vertoning nie, dit is ‘n inklusiewe ervaring wat jou sal laat sing, dans, lag en beslis op die punt van jou stoel hou, terwyl Fatman staaltjies en stories vanuit sy verlede onthul. Kom ontdek saam ‘n kant van hom wat nog nooit vantevore gesien of gehoor is nie.

Kom vier saam met Fatman sy grootste legendes en deel in hierdie reis van nostalgie, vreugde en bewondering.

Donderdag, 18 Februarie 2027 **22:00** **Teatro le Fenice**

R220.00 **90 min** **Musiek** **Almal**



OU Ryperd!

OOM CHRIS ROCK!

met Derrich Gardner en Die Broers

Die onsterflike musiek van Chris Blignaut van ***Die Bosveldbul, Die Donkie tot Ou Ryperd*** en vele meer.



Chris Blignaut (1897–1974) was een van die pioniers van Afrikaanse ligte musiek – 'n geliefde sanger, vermaaklikheidskunstenaar, komediant en liedjieskrywer wie se stem 'n hele generasie se herinneringe geword het. Hy het in een kwartaal meer as 54 000 plate by Colombia verkoop wat beteken hy het meer as 'n miljoen plate in SA verkoop. Met onvergeetlike treffers soos ***Ou Ryperd, O, die Donkie, Die Bosveldbul, Ou Tante Koba, Jan, asseblief tog, squeeze my, Daar oorkant die spruit*** en selfs ***Die Trein na Pretoria*** het hy 'n blywende plek in die geskiedenis van Afrikaanse musiek verwerf.

Donderdag, 18 Februarie 2027 **08:30** **Bar del Duomo**

R190.00 **75 min** **Musiek** **Almal**



Radioman VS Musiekman

met Johan Rademan en Christo Snyman

Johan Rademan (Radio en media-persoonlikheid) en Christo Snyman(Broers en Christo en Cobus-faam) kuier saam oor n glas witwyn, wat rustyd aangevul word met n glas rooiwyn. Twee wêrelde word ontprop. Staaltjies en stories uit die uitsaai wêreld aangevul met die regte klank vir die regte storie). n Uur se samesyn wat jy nie maklik sal vergeet nie. Onthou, die wyn is oppihuis en die stories, staaltjies en musiek bodemloos! ***(Sluit twee glase wyn in)***

Donderdag, 18 Februarie 2027 **12:00** **Bar del Duomo**

R220.00 **75 min** **Praatjie** **Almal**



OP DIE Eerste een

MET PIETER SE STUKKIES!

met Pieter Smith

Soos oudergewoonte gaan Pieter Smith sorg vir vermaak en musiek uit die heel boonste rakke Kom luister en sing lekker saam na musiek soos ***Vir jou sal ek blomme koop, Willemina van Gezina, Stukkie vd Merwe*** asook nuwe treffers soos ***Ossewa, Japie Greyling en Sakkie Ys.***

Natuurlik trek Pieter die FAK-treffers nader en gaan beslis nostalgie na die konsert bring met sy TV-kenwysies. Op die eerste een!

Donderdag, 18 Februarie 2027 **15:00** **Bar del Duomo**

R190.00 **75 min** **Musiek** **Almal**



Klassiek ontmoet Pop

met Louis Loock en Cobus Snyman

Met bekende en beminde klassieke sowel as kommersiële liedere, neem hierdie twee uitstekende kunstenaars die luisteraar op 'n sensasie van klank en musiek. Louis Loock met sy opgeleide en pragtige tenoor stem doen saam met Cobus Snyman wat self in 'n duisend stemme sing n produksie waar Louis bekende popliedjies aanpak uit n klassieke benadering en Cobus op sy beurt weer die klassieke werk omgekeerd met 'n ligte musiek benadering aanpak. Die "magic" gebeur as die twee saamsing en klassiek en pop musiek as in harmonie weerklink.

Donderdag, 18 Februarie 2027 **18:30** **Bar del Duomo**

R190.00 **75 min** **Musiek** **Almal**



Goue oues

met Alwyn Oberholster

Alwyn Oberholster is 'n gunsteling in die Afrikaanse musiekbedryf. Alwyn is gewild en bekend onder gehore vir sy briljante vertolking van die ouer treffers deur sangers soos Billy Joel, Neil Diamond, Allen Jackson, die Staccatos, die Bee Gees en vele meer. Alwyn kuier saam op die Oppiwater Kunstefees met sy vertoning, ***Goue Oues***. Maar wat maak 'n treffer tydloos? Wat maak van 'n liedjie 'n goue oue? Goue Oues is daardie liedjies wat in jou herinneringe weerklink, sê Alwyn. "As jy die liedjie hoor, neem dit jou skielik terug na die verlede en al die herinneringe wat daarmee gepaard gaan. Goeie herinneringe. Jou eerste soen, jou eerste en afspraak goue herinneringe". Elke generasie het sy goue oues, en tydlose treffers sal aanhou floreer namate nuwe geslagte ouer wysies ontdek van die tyd toe hul ouers en / of grootouers grootgeword het. "Dit anker jou", sê Alwyn. Met die nuwe tegnologie kan die kinders van vandag ouer, tydlose treffers op hul fone ontdek en aflaai, en verseker dat die goue oues altyd tydloos sal bly.

Donderdag, 18 Februarie 2027 **21:30** **Bar del Duomo**

R190.00 **75 min** **Musiek** **Almal**



Sielskos

met Hannes van Wyk

Iemand het onlangs gesê dat as Hannes van Wyk met `n persoon `n onderhoud gevoer het, jy weet jy dat hy/sy dit 'gemaak' het in die bedryf. Hannes se spontaniteit, spitsvondigheid en sjarme maak van hom 'n baie gewilde en geliefde persoon en tydens die Opiwater Kunstefees 2027 kan jy nie vir 'n beter en meer begeesterende spreker vra nie. In Hannes se praatjie ***Sielskos*** laat val hy die kollig op die vroue wat sy lewe aangeraak het, of wat hom aangryp en inspireer. Dit is 'n gesprek vol deernis, humor en wysheid wat enige vrou se hart sal verbly. Hy raak aan mense se harte en emosies, maar sorg ook vir lekker lag en humor. Dit is 'n praatjie vir elke lid van die gesin en elkeen wat 'n ma het, gehad het of sélf 'n ma is, mans én vroue, moet hierdie boodskap hoor.

Dinsdag, 16 Februarie 2027 **09:30** **MSC Business Centre**

R150.00 **60 min** **Praatjie** **Almal**



met Phillru van Achterbergh | Teks en regie: Frans Swart

Poësie is 'n wonderlike manier om gevoelens, gedagtes en idees uit te druk. Met net 'n paar woorde kan 'n digter 'n mens laat lag, huil of diep nadink. Poësie laat ons die wêreld op 'n ander manier sien en help ons om ons eie emosies beter te verstaan. Dit is die wonder van poësie: min woorde kan baie beteken.

In ***Verskuns*** neem Phillru van Achterbergh ons op 'n wonderlike reis van die mooiste gedigte in Afrikaans met voordrag, musiek, sang, toonsettings, gedramatiseerde prosa en selfs bietjie kletsrym (rap)! Kom ervaar wonderlike gedigte soos ***Toe vind ek jou*** (Francois van Coke), ***Ken jy die see*** … (Uys Krige), ***Die dans van die reën*** (Eugène N. Marais), ***Sproeireën*** (DJ Opperman) en vele meer.

Donderdag, 18 Februarie 2027 **14:00** **MSC Business Centre**

R150.00 **75 min** **Poësie** **Almal**



Ontmoet die Kunstenaars

met Frans Swart, Nikita Meyer, Henco J, Etienne du Plessis
Ana van Achterbergh, Zanje Bodenstein, Johan Rademan,
Phillru van Achterbergh, Marissa Claasen,
Ulrich Slabbert

Die lekkerte van die Oppiwater Kunstefees is dat ons gaste die geleentheid het om die kunstenaars, akteurs, sangers, omroepers en bekendes te ontmoet. Dit is darem te lekker om met hierdie bekendes skouer te skuur, te gesels, `n fototjie te neem en saam te kuier. Hierdie gebeur NET by die Oppiwater Kunstefees! Ons het hierdie lekker forum geskep waar jy formeel die kunstenaars kan kom ontmoet. Elke middag 17:00 gaan jy die kunstenaars persoonlik kan kom ontmoet, en sal ingelei word deur Frans Swart met interessanthede oor die kunstenaars

Donderdag, 18 Februarie 2027 **17:00** **MSC Business Centre**

R100.00 **60 min** **Praatjie** **Almal**



VERF EN VINO

"Pop en Kleur"

met Hannelie Swart en Anmari van Achterbergh

'n Glas Van Loveren-wyn in die een hand. 'n Kwassie in die ander. Die oseaan rondom jou, en 'n spierwit doek wat wag op jou storie. ***Verf en Vino*** is Oppiwater Kunstefees 2027 se kunservaring — 'n kunssessie waar jy kan ontspan, ontdek, skilder, kuier en jou innerlike kunstenaar laat wakker word. Die tema vir 2027 is ***Pop en Kleur,*** 'n speelse Pop-Kuns sessie vol kleur, lyn en verbeelding.

Of jy nog nooit 'n kwas opgetel het nie of reeds daarvan hou om te skilder — ***Verf en Vino*** is vir jou. Onder die kundige leiding van kunstenaar Hannelie Swart (MA Visuele Kunste), word jy stap vir stap deur die proses geneem om jou eie unieke kunswerk te skep. Hannelie bring haar besondere ervaring in kuns, kreatiwiteit, kuns-as-helingsessies en self-ontdekking na die tafel en skep 'n kreatiewe ruimte waar net jou manier van kyk, dink, voel en skep nodig is. Alles wat jy nodig het om te begin skilder, is daar. Jy moet net jouself bring. Ons hou elke sessie intiem en persoonlik met slegs 20 deelnemers en drie ure se kreatiewe ontsnapping. Plekke is beperk — bespreek vroegtydig om deel te wees van hierdie unieke Oppiwater-ervaring. Kom vir die vino! Bly vir die vibe! Waai af met jou eie Pop-Kuns.

Wyn en alle kunsmateriaal is ingesluit. Geen kunservaring of opleiding nodig nie.

Donderdag, 18 Februarie 2027 **09:00** **The Cigar Room**

R850.00 **180 min** **Kuns** **Almal**